

Graan SA Oggend Markkommentaar

| DATUM 2018/09/21 | DATUM 2018/09/20 | | | + - LAST WEEK 2018/09/10 | | BY DIE GELD PUT OPSIE | | | | |
|--|---------------------|--------|--------|-----------------------------|---|--------------------------|-----------------------------|-----------------------------|------------|------------|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | WM | YM | | |
| | DJIA-index | 26657 | 251.22 | +1.0% | 26406 | +2.9% | 25917 | JUL '19 TERMYNPRYS | R 2 444.00 | R 2 430.00 |
| Goud (Spot) | 1209.27 | 4.07 | +0.3% | 1205.2 | +1.4% | 1192.85 | PUT TREFPYRS | R 2 440.00 | R 2 440.00 | |
| Brent \$/vat | 78.07 | -0.75 | -1.0% | 78.82 | +1.0% | 77.31 | PUT PREMIE | R 217.80 | R 222.10 | |
| 1 € / US\$ | 1.1781 | 0.01 | +0.7% | 1.1703 | +2.0% | 1.1547 | MIN SAFEX PRYS | R 2 222.20 | R 2 217.90 | |
| 1 US\$ / ZAR | 14.28 | -0.200 | -1.4% | 14.48 | -6.3% | 15.24 | | | | |
| Corn | R 1 937.25 | -33 | -1.7% | R 1 970.08 | *CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2 733.69 | -22 | -0.8% | R 2 756.01 | *CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 4 435.82 | 36 | +0.8% | R 4 400.04 | *CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Dec 18 | 344.60 | -1.00 | -0.3% | 345.60 | Pariteitsprys gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit | WEEK NR. | MIELIE UITVOERE | | | |
| Wheat Dec 18 | 521.00 | 3.00 | +0.6% | 518.00 | | 20 | WM | YM | TM | |
| Soybeans Nov 18 | 845.40 | 18.40 | +2.2% | 827.00 | | WEEK TOTAAL | 4 830 | 21 079 | 25 909 | |
| PLAASLIKE MARKINLITING | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Sep '18 | 3600.00 | 0.00 | +0.0% | 3600.00 | | JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 10% | 44% | 31% | |
| WMAZ Spot | 2312.00 | -40.00 | -1.7% | 2352.00 | 4127.00 | 2005.00 | TEMPO/WEEK BENODIG | 43 819 | 42 589 | 86 408 |
| WMAZ Dec 18 | 2408.00 | 21.00 | +0.9% | 2387.00 | 3645.00 | 2150.00 | | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | |
| WMAZ Jul 19 | 2444.00 | -23.00 | -0.9% | 2467.00 | 3726.00 | 2229.00 | WEEK TOTAAL | 66 081 | 36 387 | 102 468 |
| YMAZ Spot | 2319.00 | -40.00 | -1.7% | 2359.00 | 3645.00 | 2005.00 | JTD TOTAAL | 5 855 341 | 5 119 241 | 10 974 582 |
| YMAZ Dec 18 | 2394.00 | -33.00 | -1.4% | 2427.00 | 3645.00 | 2150.00 | NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 6 379 660 | 5 797 150 | 12 176 810 |
| YMAZ Jul 19 | 2430.00 | -33.00 | -1.3% | 2463.00 | 3726.00 | 2229.00 | % GELEWER VAN OES | 92% | 88% | 90% |
| SOY spot | 4431.00 | -26.00 | -0.6% | 4457.00 | 6654.00 | 4552.00 | TEMPO /WEEK BENODIG | 21 847 | 28 246 | 50 093 |
| SOY May 19 | 4757.00 | -20.00 | -0.4% | 4777.00 | 6990.00 | 4870.00 | | KORING INVOERE | | |
| SUN Spot 18 | 5038.00 | -62.00 | -1.2% | 5100.00 | 6659.00 | 5072.00 | 2017/18 | 2016/17 | 5 Jr. GEM | |
| SUN May 19 | 5020.00 | -33.00 | -0.7% | 5053.00 | 6990.00 | 4870.00 | WEEK TOTAAL | 41 299 | 30 722 | 24 703 |
| WHEAT spot 18 | 4330.00 | -9.00 | -0.2% | 4339.00 | 4873.00 | 4553.00 | JTD TOTAAL | 2 102 253 | 630 109 | 1 199 879 |
| WHEAT Dec 18 | 4455.00 | -51.00 | -1.1% | 4506.00 | 5227.00 | 4907.00 | TOTAAL BENODIG | 1 950 000 | 934 765 | 1 622 999 |
| WHEAT Mar 19 | 4579.00 | -48.00 | -1.0% | 4627.00 | 5109.00 | 4790.00 | JTD AS % VAN BENODIG | 108% | 67% | 74% |
| NUSTSTE MARKINLITING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERS LAE | | | | | | | | | | |

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.29/\$ wat die beste vlakte is waarteen dit in meer as 'n maand verhandel het. Die rand versterk hoofsaklik as gevolg van die dollar wat weer besig is om te verswak nadat dit die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind het, veral teenoor die geldeenheide van die ontluikende lande. In die plaaslike ekonomiese was die groot gebeure wat hierdie week plaasgevind het die bekendmaking van die maandelikse inflasiesyfer, wat Woensdag deur Statistiek SA bekend gemaak was, soos die SARB se rentekoeursbeslissing wat gister bekend gemaak was. Die VPI vir Augustus was teen 4.9% gerapporteer, wat laer was as die Julie syfer wat teen 5.1% gerapporteer was. Hierdie inflasiesyfer was ook beter as die algemene verwagting in die mark aangesien die algemene verwagting was dat die inflasie verder sou toeneem gedurende Julie. Die SARB het gister die rentekoers vir die land onveranderd gelaat wat meestal inlyn was met die algemene verwagting in die mark. Die laer inflasie asook die onveranderde rentekoers is van die plaaslike faktore wat ook bygedra het die versterking van die rand.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het ongeveer 2% sterker verhandel vir die dag hoofsaklik as gevolg van positiewe uitvoer inligting wat gister gerapporteer was asook aankope om kort posisies te beskerm wat gister gebeur het. Privaat uitvoerders het gister uitvoerverkope van 160 000 ton aan die USDA gerapporteer vir levering aan Meksiko in die 2018/19 seisoen. Die weeklikse mielie uitvoerverkope wat gister deur die USDA gerapporteer was is ongeveer 1 394 miljoen ton wat amper meer as dubbel die vorige week se uitvoerverkope was. Die weeklikse uitvoerverkope wat gerapporteer was is ook aansienlik meer as wat die weeklikse handelsverwagtinge in die mark was. Die uitvoerderskeings vir die week was op 1 07 miljoen ton gerapporteer en dit was effens laer as die weeklikse tempo wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skattung te voldoen. Meksiko is vir tot dusver vir die 2018/19 seisoen wat, wat 1 September begin het, die grootste invoerder van Amerikaanse mielies. In ander internasionale nuus is die mielie invoere na die EU sedert die begin van Julie 9% laer in vergelyking met dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. Sjina het gister ongeveer 2.9 miljoen ton se staatsreserwe mielies verkoop op 'n veiling en dit was ongeveer 75% van die totaal wat te koop op die veiling aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark was gister hoofsaklik onder druk gewees en het langer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande van beide en geelmielies wat tans gelys is. In gister se weeklikse uitvoere verslag wat deur SAGIS bekend gemaak was, was die WM uitvoere op 4 830 ton en die YM uitvoere op 21 079 ton. Die totaal vir die seisoen tot dusver is 1 234 miljoen ton.

Sjabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ongeveer 2% hoër verhandel nadat die weeklikse uitvoerverkope verslag wat deur die USDA bekend gemaak was positief was. Alhoewel Sjina tans nie 'n koper van Amerikaanse sojabone is nie, het die uitvoer wat die weeklikse uitvoerverkope van Amerikaanse sojabone verlede week 998 911 ton wat beide ou en nuwe seisoen verkope insluit. Die weeklikse uitvoerderskeings van 794 000 ton was minder as die gemiddelde hoeveelheid wat benodig word om aan die jaarlikse USDA skattung te voldoen. Die meeste van die Amerikaanse sojabone is hierdie seisoen na onbekende bestemmings uitgevoer. In ander internasionale nuus is die EU invoere vir 2018/19 seisoen 11% hoër as 'n jaar gelede en staan tot dusver op 2,8 miljoen ton. Die EU-sojameel-invoere het jaar op jaar met 20% gedaal tot 3,6 miljoen ton. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister onder druk gekom en het meestal laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die versterking van die rand het ook 'n negatiewe impak op die plaaslike prys gehad.

Koring: Die Amerikaanse koring mark het gesterdig verhandel met klein prysbewegings wat in die mark gesien was. Die sagte en harde rooi winterkoring het gister sterker verhandel terwyl die harde rooi winterkoring effens onder druk gekom het gister. Die weeklikse koring uitvoerverkope was op 468 000 ton gerapporteer wat meer was as die vorige week se uitvoerverkope en ook meer as wat die algemene handelsverwagtinge vir die week was. Die koring uitvoerderskeings vir die week was op 318 427 ton gerapporteer wat laer was as die gemiddelde tempo wat benodig word om aan die jaarlikse skattung te voldoen. Die gemiddelde tempo wat nou benodig word is na hierdie week hoër. Die Filippynse was die grootste ontvanger van Amerikaanse koring met 16% van die totaal wat daarheen is. In ander internasionale nuus is die EU se koring uitvoere vir die 2018/19 seisoen tot dusver jaar op jaar met 41% gedaal. Die Oekraïne het tot dusver reeds ongeveer 20% van hul wintergrane vir die seisoen aangeplant met die verwagting dat die totale oppervlakte wat aangeplant sal word effens laer sal wees hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister onder druk gekom en het meestal laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internationale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikgeng Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

